**FEBRUARIE TEMA: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies**

Woensdag **21 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 17:9-19**

**Fokusgedeelte: Johannes 17:14-15 (AFR2020)**

**Gelowige, wees in die wêreld soos Jesus in die wêreld was**

Ons weet dat Christene in die wêreld is, maar nie van die wêreld is nie. Soms wonder ’n mens hoe bly jy in die wêreld sonder om soos die wêreld te word. Die Fariseërs se antwoord was om hulle tot ’n groot mate te isoleer van ander mense. Wanneer ’n mens jou egter isoleer deur net saam met Christene te werk en net Christene as vriende te hê, het jy weinig invloed in die wêreld ter wille van God se koninkryk.

Jesus was in die wêreld, maar Hy het Homself nie geïsoleer van wêreldse mense nie. Ons Christene sal ons nooit regtig heeltemal kan isoleer van wêreldse mense nie en ons moet dit ook nie doen nie. Maar hoe keer ’n mens dan om soos die wêreld te word?

Die Vader het Jesus met ’n opdrag na die wêreld gestuur – om te soek en te red hulle wat verlore is. Soos die Vader Jesus gestuur het, so stuur Jesus ons wat aan Hom behoort ook in die wêreld in. Jesus se missie was om deur sy dood en opstanding redding te bring en Hy het nie toegelaat dat iets Hom van spoor bring nie. Om te keer dat ons soos die wêreld word, moet ons gefokus bly op die opdrag waarmee Jesus ons in die wêreld instuur. Ons moet deur woord en daad verkondig dat Jesus die enigste en volkome Verlosser en Here is.

Moet egter nie verwag dat wêreldse mense jou en jou boodskap met oop arms gaan verwelkom nie. Jesus en sy boodskap was ook nie welkom in die wêreld nie. Die wêreld het Hom gehaat, daarom sal die wêreld jou ook haat. Volg die Heilige Gees en volhard in die waarheid terwyl jy in die wêreld is. Die Here het nog mense in die wêreld wat Hy deur sy waarheid tot bekering sal bring en jy is die instrument wat Hy gebruik.

*Sing: Psalm 49-1:1, 2*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*